## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

## KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom


## Spesiale Versoeke

Vertel vir ander van ons Sondag Wysheidsirkel
Maak vir ons 'n maandelikse bydrae asseblief
Deel met ons jou kundigheid tot diens van ander

## BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

**Naam en Van**

______________________________

**E-Mail**______________________ **Sel**______________

**Woonadres**

______________________________

## HOE ONS MEKAAR KAN HELP

**Bediening** ______________________

**Voorstelle** ______________________

**Besoek asb** ______________________

| Bankrekening vir bydraes | BAIE DANKIE |
|---|---|
| **FNB: Wysheidsirkel**<br>Takkode: **201-409**<br>Rekening: **551 601 09804** | Ons vra vir 'n maandelikse bydrae<br>hetsy per koevert of per EFT<br>**Groot ASSEBLIEF en BAIE dankie** |



# Neo-Spektrum

**8 April 2012**

## Dag van Versoening

**Ek was blind maar nou sien ek**

## STILTE IN DIE KAPEL

Concerto in G for 2 Cellos (Vivaldi) — Bobby McFerrin

## VERWELKOMING & AFKONDIGINGS

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

O Great Spirit, whose voice we hear in the winds,
and whose breath gives life to the world, —hear us!
We are small and weak, we need your strength and wisdom.
May we walk in beauty.
May our eyes ever behold the red and purple sunset.
May our hands respect the things you have made
and our ears be sharp to hear your voice.
Make us wise so that we may understand the things
you have taught our people.
Help us to learn
the lessons you have hidden in every leaf and rock.
Make us always ready to come to you
with clean hands and straight eyes ...
so when life fades, as the fading sunset,
our spirits may come to you without shame.

(Native American Prayer)

## STILTE VAN BUITE

# STILTE VAN BINNE

## GESPREKSIRKEL

### 1. <u>CHOSE TO</u> LET IT GO, MOVE BEYOND, RISE ABOVE. CHOSE TO BE RESURRECTED! ✫✫

God is LEWE en Lewe sterf nooit nie! LEWE inspireer Lewe! LEWE skep Lewe!

Elke dag **kruisig die EGO** jou en elke dag **lig LIEFDE jou van die kruis.**

### 2. VERSOENING & VERGIFFENIS GAAN HAND AAN HAND EN WORD DIE HANDE EN VOETE VAN VERANDERING.

*(Mark 10:46-52)* Daarna kom hulle in Jerigo aan. Toe Jesus en sy dissipels en
’n aansienlike menigte weer daarvandaan verder gaan, sit daar ’n blinde
bedelaar, Bartimeus, seun van Timeus, langs die pad. 47Toe hy hoor dat dit
Jesus van Nasaret is, het hy begin uitroep: “Jesus, Seun van Dawid, ontferm
U tog oor my!” *{have compassion}*
48Baie mense het met hom geraas en gesê hy moet stilbly. Maar hy het al hoe
harder uitgeroep: “Seun van Dawid, ontferm U tog oor my!”
49Jesus het gaan staan en gesê: “Roep hom nader.” Hulle roep toe die blinde
man en sê vir hom: “Hou moed! Staan op! Hy roep jou.” 50Hy het sy bokleed
net daar gelos en opgespring en na Jesus toe gegaan. 51Jesus vra vir hom:
**“Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?”**
“**Rabboeni**,” sê die blinde man vir Hom, “**dat ek kan sien**.” 52Jesus sê vir
hom: “Jy kan maar gaan. Jou geloof het jou gered *{genees}*.”

### 3. VERWONDERING IN DIE WONDERWERK

*(Johannes 9:13-15:24-25)* Daarna het die mense die man wat eers blind was,
na die Fariseërs toe gebring. 14Dit was op ’n Sabbatdag dat Jesus die klei
aangemaak en die man se oë genees het. 15Die Fariseërs het hom ook weer
gevra hoe dit gekom het dat hy kan sien. Hy het hulle geantwoord: “**Hy het
klei op my oë gesit en ek het my gewas, en nou sien ek**.”
24Die Jode het toe die tweede keer die man wat blind was, geroep en vir hom
gesê: “Praat die waarheid voor God *{bring eer aan God}* ons weet hierdie
man is ’n sondaar.” 25Daarop het hy gesê: “**Of hy ’n sondaar is, dit weet ek
nie. Een ding weet ek wel: ek was blind, en nou sien ek**.”

*’n Wonderwerk vind plaas die oomblik waar ons liefde **<u>kies</u>** bo vrees*
*✫ Wonderwerke is om liefde te **<u>wees</u>** sodat ons dit kan **<u>word</u>** ✫*
*’n Wonderwerk is om op te staan (bekeer/let go) van alles wat ons kruisig*

# ONS GEE OM TE ONTHOU ONS HET !!

~ MENUET NO.1 IN E MAJ (BOCCHERINI) — BOBBY MCFERRIN ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

Ek glo in die skeppende God
van die wordende heelal
wie se naam te heilig was
om uit te spreek:
Jahwe, die God van Israel,
wat 'n vader geword het
vir Jesus van Nasaret,
die wonderskone boodskapper
van die onmoontlike liefde,
deur wie God my vader
maar ook my moeder is.
Ek glo in die Heilige Gees
wat mense in alle tye
inspireer tot werke
wat die stempel dra
van die ewige.
Ek glo dat omdat ek lewe
ek aan alle lewendes
sorg en deernis verskuldig is
en ek glo dat as ek sterf
ek opgeneem sal word
in die durende siklus
van vernuwing en verval
en dat die lewe triomfeer
in elke geboortekreet
omdat die lewe magtiger is
as die dood.

(DIE GELOOFSBELYDENIS VAN ’N AFVALLIGE – LINA SPIES)

---

**AS ONS UITSTAP**

CONCERTO FOR VIOLIN AND STRINGS (BACH) — BOBBY MCFERRIN

---